Publication: Beeld,Daily (JIP)
Publication Date: 05 Feb 2018
Page: 7

AVE: 21468.30
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

EERSDAAGS BY STATEBONDSPELE

# Duné droom van eindronde

## 'Dis my grootste uitdaging'

Wilhelm de Swardt



**Duné Coetzee van die Afrikaanse Hoër Meisieskool sal vanjaar as een van die twee jongste Suid-Afrikaanse deelnemers na die Statebondspele reis.** Foto: REG CALDECOTT

Die 15-jarige Duné Coetzee sal in April na die Statebondspele in Australië se Goudkus reis as een van die jongste lede van die Suid-Afrikaanse span.

Coetzee, wat aan die Afrikaanse Hoër Meisieskool in Pretoria skoolgaan en vir Tuks deelneem, het in Desember haar plek in die span losgeswem toe sy vir die 200 m-vlinderslag, 200 m-vryslag en die 400 m-vryslag gekwalifiseer het.

Hoewel sy nog nat agter die ore is, het dié jongeling geen tekort aan talent nie.

"Die Statebondspele sal my grootste uitdaging tot nog toe wees," sê sy. "Ek sien daarna uit en hoop ek kan genoeg leer om groot dinge te doen wanneer die Olimpiese Spele in 2020 in Tokio aanbreek."

Coetzee glo dit sal in haar guns tel dat daar nie 'n groot verskil is tussen die tydsone van Australië en Japan nie.

"Die goeie ding is dat Australië naby aan dieselfde tydsone is as Japan, dus sal ek die geleentheid kry om te sien hoe my liggaam by die verandering aanpas," sê sy.

Coetzee sê sy put haar inspirasie uit die outobiografie van die wêreld se voorste manstennisspeler, Rafael Nadal. "Ek is 'n groot aanhanger van Nadal. Die een ding wat vir my uitgestaan het in sy outobiografie is sy doelgerigtheid. Hy sê dat hy elke hou in 'n wedstryd hanteer asof dit sy laaste kan wees en dis iets wat ek bewonder."

Coetzee het haar oog op die eindronde van die 200-vlinderslag by die Statebondspele. "Ek en my afrigter, Linda de Jager, het daaraan gewerk om my tye in die 200 m-items te verbeter."

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.